**BKB Beperk**
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer: 1998/012435/06)
Aandeel Kode: 4ABKB
ISIN: ZAE400000069
("**BKB**")

**VKB Beleggings Eiendoms Beperk**
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer: 2011/007000/07)
("**VKB**")

**29 MAART 2022**

**GESAMENTLIKE AANKONDIGING: KOMPETISIE KOMMISSIE GOEDKEURING VAN DIE KOMBINASIE TRANSAKSIE VAN DIE GRAAN BERGING EN HANTERING ONDERNEMINGS VAN BKB EN VKB**

1. Aandeelhouers van BKB en VKB ("**BKB & VKB Aandeelhouers**") word verwys na die aankondiging van 20 Januarie 2022 waarin aandeelhouers ingelig was aangaande die moontlike transaksie om BKB en VKB se onderskeie graan berging en hantering ondernemings te kombineer, onderhewig *inter alia* aan die vereistes en goedkeuring van die relevante kompetisie en ander regulatoriese owerhede (die "**Transaksie**").

2. Die Transaksie behels die oordrag van BKB se graan berging en hantering onderneming na 'n nuwe filiaal van VKB (wat ook VKB se graan berging en hantering onderneming sal hou) ("**VKB Graandienste**") in ruil vir 'n minderheidsaandeel in VKB Graandienste, welke vir BKB 'n beduidende invloed oor VKB Graandienste sal bied, met VKB wat beheer sal uitoefen oor VKB Graandienste.

3. Die Direksies van BKB en VKB (die "**Direksies**") gee graag hiermee kennis aan die BKB & VKB Aandeelhouers dat die Kompetisie Kommissie die Transaksie sonder voorwaardes goedgekeur het.

4. Die Direksies sien uit na die moontlikhede en geleenthede vir waardeskepping wat die Transaksie inhou vir produsente en aandeelhouers nadat dit ten volle onvoorwaardelik is en geïmplementeer word, en verdere aankondigings sal dienooreenkomstig gemaak word in hierdie verband.

**GESAMENTLIKE UITREIKING NAMENS DIE DIREKSIES VAN BEIDE BKB EN VKB.**

**Korporatiewe Transaksie-Adviseur en Eksterne Noteringsagent**

**Kompetisie en Regsadviseur**

***- EINDE -***